




# 'N AFRIKAANSE WONING.

DEUR
GERARD MOERDIJK, A.R.I.B.A.

ALHOEWEL vroeër of later die meeste mense 'n ideaal koester om een dag hulle eie huis te bou, word alleen maar aan betrekkelik min die middele gegee om so'n wens tot uitvoering te bring. Die goeie geluk bring egter ook swaar verantwoordelikhede saam. Iedere nuwe huis verfraai of skend die omgewing en oefen 'n invloed uit, nie alleen op die bewoners nie, maar op die hele plek. Wat is die oorsaak hoekom sekere buurtes van 'n dorp of stad veragter, terwyl ander gedeeltes meer gewens word? Dit is nie altyd die skuld van die natuur nie. Dit kan wees dat 'n paar lelike huise die begin gemaak het van die agteruitgang, of dat 'n paar mooi, deftige geboue hulle aantrekkingskrag laat gelde het, en so het die een tot na- en die ander tot voordeel van die hele buurt gedien. Ons vind gewoonlik dat die misdadigers of kwaaddoeners uit die slegte buurte kom, terwyl die mense wat die meeste bydra tot die opbou en vooruitgang van 'n nasie, gewoonlik uit die beter omgewing afkomstig is. Daar is groot mense wat deur omstandighede, in minderwaardige buurte opgegroei het, maar hulle eerste strewe was altyd om weg te kom van die terneerdrukkende invloede.

As ons die waarheid van die voorafgaande insien, sal ons die saak eers degelik oordink voor ons tot bou oorgaan. Van die begin van die getroude lewe af, is dit al miskien opgemerk dat 'n huis ongerieflik is, dat dit baie werk veroorsaak, dat dit onmoontlik skyn om die kamers, selfs met die hulp van goeie meubels, deftig of gesellig te laat lyk. Wie het ooit al probeer om uit te vind waarom dit so is? Ek sal trag om dit uit te lê. Die huis het geen indiwidualiteit nie daar sit geen gedagte of proporsie in die gebou nie. Die materiale en werk is miskien van die beste, maar die ontwerp is sleg, daar is niks om aan te toon dat dit u huis is nie. Dit is een van die pligte van die argitek om hierdie indiwidualiteit daar in te sit. Die werk van 'n argitek is vernaam, hoe vernaam word selde ingesien, selfs deur diegene wat van sy dienste gebruik maak. 'n Argitek moet 'n skema uitdink wat aan al die gestelde kondiesies voldoen, hy moet al die werkkragte bestuur wat nodig is om sy konsepsie tot uitvoering te bring, en op sy hoof kom die eer of oneer. 'n Betere begrip van sy funksies sal bydra tot 'n gelukkiger samewerking, en sal hom help in sy werk. Niks is so lastig of het so'n slegte invloed op die ontwerp, as die bemoeiing van mense met gedeeltelike kennis. Baie geboue word totaal bederf, deurdat eienaars hulle eie tydelike voorliefdes deurdruk teen die advies van 'n ekspert.

Om tot die bou van 'n Suid-Afrikaanse huis te kom, moet ons eers wegkom van ons vooroordeel daaromtrent. Ons gedagtes het ons meestal gekry van huise wat vir ander klimate ontwerp is, en wat so maar so heel-huids hier ingevoer is, met hier 'n daar 'n wysiging of 'n nuttelose veranda. Ons klimaat hier is heeltemal anders as in Europa. Dit is nie so seer warmer of kouer, maar dit is veel meer 'n klimaat van uiterstes. In die winter kan dit om twee uur in die middag bepaald warm wees, terwyl dit om ses uur die selfde dag benede vriespunt is. Om 'n huis geskik te maak vir sulke gevaarlike afwisselinge, is moeilik, maar gladnie onmoontlik nie. Die huis moet net ontwerp word in verband met die hele omgewing, en sorg moet gedra word dat die temperatuur buite die huis, nie 'n ongewenste invloed binne die huis het nie. Die slegste middel is egter om te probeer om die buitelug uit te hou, dis nie lug nie, dis koue of hitte wat uit-



gesluit moet word. Om net een voorbeeld op te noem, sink sluit lug uit maar laat hitte of koue baie makkelik deur.

In ons land is dit van spesiaal gewig om 'n goeie bouterrein uit te soek, sodat die verskillende kamers aan die kant kom wat die beste daarvoor geskik is. Dit word nog nie genoeg ingesien nie, dat die plaatsing van 'n huis, baie met die bewoonbaarheid daarvan te doen het. Laagleggende land en nabyheid van vleie moet vermy word. In die somer is dit 'n broeiplek van muskiete en in die winter is dit baie koud. Daar is veel voor te sê om 'n huis teen die Noordekant van 'n koppie of bergrand te plaas, waar dit mooi beskut is teen die koue winde. So'n woning, gebou uit die klippe van die koppie self, gee 'n artistieke indruk, en lyk of dit op die plek opgegroei het. Waar die huis nie beskut is moet dit beskerm word deur aanplanting van bome. Uitsig is 'n ander vername faktor. Hoe dikwels vind ons dat die mooiste uitsig verkry word deur 'n kombuisvenster of vanaf 'n agterstoepie, terwyl met 'n betere rangskikking so'n uitsig die aangenaamheid van die huis sou kon verhoog. In ons klimaat is dit beste om die vernaamste woonkamers so te plaas, dat die vensters aan die noorde kant van die huis is. Beide in die somer en in die winter is die noorde kant die aangenaamste kant en dit is iets wat nog maar min ingesien word. Ook die stoep moet aan hierdie kant wees, nie net 'n smal gangetjie met 'n paar sinkplate daarop nie ,maar 'n nuttige ruimte, meer in die vorm van 'n ope kamer waar mens gesellig om 'n tafel kan sit. Sorg moet gedra word dat die direkte sonnestrale in die somer verbreek word. Dit kan op verskillende maniere gebeur, soos aangetoon op die planne. Slaapkamers moet naar die ooste of weste uitsien, ook is dit beste om die eetkamer aan een van hierdie kante te plaas, die kombuis en spens moet aan die suide kant wees. Dra altyd sorg dat die huis van die kou kant, dit is die suid-ooste kant, beskerm is.

Die grootste foute word meestal gemaak met die gebruik van materiale. Niks is meer verkeerd as om materiale te gebruik wat nie in die distrik tuis behoort nie. In gedeeltes van Suid Afrika is klip volop, en die gebruik daarvan moet aangemoedig word. Om op 'n plek waar volop klip is bakstene te gebruik is verkeerd. Op ander plekke is dit nou weer maklik om goeie bakstene te maak en daar lyk so'n gebou, gevoeg of gepleister, mooi. Dis met die dak wat ons nog die meeste fout maak. Die algemene gebruik van sink is iets wat nog oorgebly het van die dae toe ons alleen maar tydelike geboue opgesit het. Dit word nou darem tyd dat ons die ding heeltemal laat staan. Die voordele daaraan verbonde word geheel oorskadu deur die nadele. Dit is lig, betreklik goedkoop en maklik om op te sit, maar dis ook al. Aan die ander kant is dit geen goeie beskerming teen hitte of koue nie, dit lek en roes gou en dit lyk baie eentonig en lelik. Ons het baie ander dak-materiale, dosyne verskillende soorte dak-panne word in die land self gefabrieseer en lokale dak-leie kan verkry word, so goed as in enige ander land op die wereld. Selfs gras het groot voordele. Hoe oneindig veel mooier is 'n artistieke pan- of lei-dak as so'n blik affêre!

Maar al het ons nou al die regte materiale dan is dit nog moontlik om dit verkeerd te gebruik. Die geaardheid van die materiaal moet die ontwerp beinvloed. B.v. as ons bergklippe gebruik moet die daarna wees, enige poging om gladde mure te wil bou uit ruwe klip is verkeerd. Die natuurlike karakter van die materiaal moet behou word. Ons wil al te graag alles glad en eentonig hê, dis beter om die natuur ook 'n kans te gee. Met baksteen-mure is dit beter om die verskillende kleure van die bakstene te laat uitkom. Te groot gelykheid gee aan die muur 'n doodse aansig.

'n Ideale huis bestaat daar nog nie, ook is dit onmoontlik om so iets te bereik, daar kom altyd voorvalle waar die minste slegte van verkeerde dinge geneem moet word. Maar steeds gaan ons vooruit naar die gewenste doel. Die verbetering van ons huise lê nie heeltemal in die hand van die argitek nie, as die mense slegte wonings wil hê, sal hulle dit kry, as hulle goeies verlang, dan sal daar goeies gebou word, die smaak van die publiek moet verbeter word, anders sal daar geen vooruitgang wees nie.

As mense maar net wou insien, watter invloed hulle woning op hulle uitoefen, dan sou ons spoedig 'n verbetering sien. Mense dink so lig daaroor om 'n huis te bou en vergeet dat dit hulle bydrae is tot veraangenaming van die lewe en die algemene opbou en vooruitgang van 'n nasie.

Die illustrasie stel 'n huis voor met vier slaapkamers, 'n ontvangkamer, studeerkamer en eetkamer.

Die slaapkamers is algar aan die een kant en in gerieflike verbinding met die badkamer. Vanuit al die slaapkamers is daar dubbele glasdeure naar 'n private stoep. Ieder van die slaapkamers en die badkamer kry direkte sonlig, iets wat baie gewens is, want niks reinig die lug beter of maak siektekieme gouer dood nie as die son.

Die eetkamer, kombuis en spens is so ingerig om nodelose geloop te verhinder. Dubbele glasdeure open uit op 'n stoep. Die ontvangkamer is 'n grote gesellige vertrek van 20 voet by 17 voet, met 'n groot ingeboude vuurherd. Daar is gemaklike toegang naar al die ander kamers, sonder dat daar 'n direkte deur in 'n ander kamer uitloop. Die studeerkamer is 'n bietjie afgesonder, met 'n privaat uitgang op twee stoepe en geen direkte verbniding met enige van die ander kamers nie.

Daar is twee ingeboude kaste, gerieflik, deur hulle plaatsing in die gang, om vir enige doeleinde gebruik te word. Daarteenoor is 'n bank, ingebou in 'n ronde venster, spesiaal vir die huisvrou. Hier kan sy sit en naaldewerk doen en tegelykertyd 'n oog hou op alles wat in die kombuis aangaat sonder om self in die hitte van die stoof te wees.

In die eetkamer, studeerkamer en twee van die slaapkamers is daar 'n vuurherd.

'n Spesiale punt van hierdie plan is die rangskikking van die stoepe, wat deel vorm van die huis, en nie lyk asof hulle later aangelap is nie, soos dit so dikwels die geval is. In die somer is 'n rustige, koel plekkie baie gewens en in die winter is dit net so lekker om 'n beskutte sitplek in die son te hê. Vir die huisvrou is dit meestal nie gerieflik om in die tuin te sit nie, daar is sy te ver weg van die diensbode ens. Vir haar is die stoep 'n besonder genot. Twee van die vier stoepe hier is by die slaapkamers, gerieflik om in die somer buite te slaap. Die twee is aan die woonkamer se kant, 'n gesellige plek om te sit en gesels of, soos in die geval van die een by die studerkamer, 'n afgesonderde hoekie waar mens ongehinderd kan sit en lees of werk.

(Vervolg op bladsy 56.)